higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 3

(9010113)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

370Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1


1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Vir kinders met ernstige gestremdhede wat spesiale sorg benodig	A	Toelaag vir ouer persone
1.1.2	Vir ’n belemmering wat jou vir meer as ses maande ongeskik vir werk maak	B	Maatskaplike noodverligting
1.1.3	Moontlik in die vorm van ’n kospakkie of koopbewys vir diegene wat groot materiële behoeftes het	C	Kinderondersteuningstoelaag
1.1.4	Toelaag om ’n kind te versorg wat deur ’n hof onder jou toesig geplaas is	D	WVF-voordele
1.1.5	Verantwoordelik vir die administrasie en bestuur van betalings van toelaes vir maatskaplike bystand	E	Pleegsorgtoelaag
1.1.6	Vir mense wat 60 jaar en ouer is	F	Sorgafhanklikheidstoelaag
1.1.7	Tydelike plasing van ’n kind wat sorg en beskerming benodig	G	Departement van Gesondheid
1.1.8	Toelaag om ’n behoeftige primêre versorger te help om ’n kind groot te maak	H	Pleegsorg
1.1.9	Om die voltydse versorger van iemand wat ’n maatskaplike toelae ontvang, te betaal	I	Hulptoelaag
1.1.10	Beskikbaar aan ’n bydraer wanneer ’n werkgewer jou diens beëindig	J	Ongeskiktheidstoelaag
		K	Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid

(10 × 1) (10)

1.2 Noem SES belangrike faktore wat tot die aanvaarding en implementering van gemeenskapsgeoriënteerde primêre sorg gelei het. (6)

1.3 Bestudeer die kaart hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: https://www.google.co.za/maps/place/Parow,+Cape+Town]

1.3.1 Identifiseer VIER tipes dienste wat in hierdie gemeenskap beskikbaar is, en gee EEN voorbeeld van 'n fasiliteit, plek of kenmerk op die kaart wat elke geïdentifiseerde diens lewer. (8)

1.3.2 Stel DRIE vennootskappe tussen verskillende dienste in hierdie gemeenskap voor wat tot voordeel van gemeenskapsgesondheid en -welstand sal strek.

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 2

2.1 Gee AGT redes waarom die lewering van elektrisiteit belangrik is. (8)

2.2 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

25 Mei 2020

Die Minister van Gemeenskapsveiligheid verwelkom die aankondiging dat die land vanaf 1 Junie 2020 na waarskuwingsvlak 3 beweeg. Hy voer aan dat 'dit noodsaaklik is dat ons GPF's hul werk in ons gemeenskappe voortsit en saam met die SAPD werk'.

Tot op hede is ongeveer 478 GPF-lede wat breedweg verteenwoordigend van hul gemeenskappe is, as vrywilligers aangestel om met COVID-19-protokolle behulpsaam te wees.
Geakkrediteerde GPF's kan hulp verleen deur sosiale distansiëring in supermarktoue, klinieke en hospitale, asook by vervoerwisselaars, insluitend taxistaanplekke, te bevorder. Hulle kan ook gemeenskappe se kommer oor veiligheid identifiseer sodat dit aandag kan geniet, en maniere identifiseer om probleme met die navolging van protokolle op te los.

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal verseker dat maatreëls ingestel word om die verspreiding van COVID-19 te voorkom en dat alle lede beskerm word wanneer hulle die toepassing van die inperking ondersteun deur:

- Die voorsiening van maskers en handreinigers tydens patrollies.
- Vasstelling van die aantal lede wat toegelaat word om te patrolleer en selfdistansiëring onder vrywilligers aan te moedig.
- Te verseker dat diegene wat simptome wys of wat in kontak was met iemand wat Covid-19 onder lede het nie toegelaat word om aan patrollies deel te neem nie. Hulle behoort 14 dae lank tuis in kwarantyn te bly en gelei te word deur die raad van die toegewyde COVID-19 provinsiale blitslyn.

[Aangepas uit https://www.gov.za/speeches/neighbourhood-watches-must-be-25-May-2020]

2.2.1 Waarvoor staan die afkorting GPF? (2)

2.2.2 Gee VYF kerneienskappe van GPF's en verstrek EEN voorbeeld uit die uittreksel wat elke eienskap staaf. (5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik die waarde van toeganklike ontspanningsdienste in gemeenskappe. (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 'n Jeugkamp is 'n voorbeeld van 'n massadeelname-gemeenskapsprogram.

3.1.2 Ten einde 'n wettige taxionderneming te bedryf, moet die taxibestuurder seker maak dat die taxi by die Departement van Arbeid geregistreer is.

3.1.3 Arrive Alive is die amptelike padveiligheidsprogram van die Departement van Vervoer.

3.1.4 Peter (52 jaar oud) kan nie lees nie en het besluit om hom vir 'n geletterdheidsprogram vir volwassenes in te skryf. Aan die einde van die program sal Peter 'n kwalifikasie gelykstaande aan 'n Graad 12/NSB Vlak 4-sertifikaat hê.

3.1.5 Hidro-energie is 'n voorbeeld van 'n onhernubare energiebron.

3.1.6 Handwerkspilpunte ('hubs') is 'n inisiatief van die Departement van Kuns en Kultuur om aan kunstenaars die geleentheid te bied om hul werk te bevorder.

3.1.7 Een van die funksies van 'n skoolbeheerliggaam is om toesig oor die werkverrigting van die skool te hou.

3.1.8 Metrorail word privaat besit.

3.1.9 Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) (TBOO)-kolleges word deur die Departement van Basiese Onderwys bestuur.

3.1.10 Die sertifisering van dokumente is een diens wat die SAPD bied.

(10 × 1) (10)

3.2 Wat is die *Alma-Ata-verklaring?* (2 × 2) (4)

3.3 Noem SES van die noodsaaklike komponente van primêre gesondheidsorg, soos dit in die Alma-Ata-verklaring gespesifiseer word. (6)

3.4 Verduidelik die belangrikheid van toeganklike openbare gesondheidsdienste in gemeenskappe.

(5 × 2) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem die staatsdepartement wat vir die lewering van welsynsdienste verantwoordelik is. (2)

4.2 Beskryf hoe Pholela leiding met die ontwikkeling van die GOPS-beginsels geneem het. (5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik die belangrikheid van elk van die volgende dienste vir die welstand van gemeenskappe in Suid-Afrika.

4.3.1 Geletterdheidsprogramme vir volwassenenes

4.3.2 Befondsing van kleinkindontwikkelingsentra

4.3.3 Skoolgesondheidsdienste

(3 × 6) (18)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem die tipe diens wat in elk van die volgende voorbeelde voorsien word. Skryf slegs die tipe (bv veiligheid) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Openbare swembad

5.1.2 Afvalverwydering

5.1.3 Hulplyn vir inligting oor gifstowwe

5.1.4 Openbare park

5.1.5 Behuisingsubsidie

5.1.6 Taxidienste

5.1.7 Gemeenskapsradiostasie

5.1.8 Immunisering

5.1.9 Sportgronde

5.1.10 Gemeenskapleersentrum

(10 × 1) (10)

5.2 Gee TWEE oogmerke van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram (GSGP) in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

5.3 Gee DRIE kwessies wat toegang tot gesondheid vir almal beperk wat in die Gluckman-kommissie se verslag geïdentifiseer is. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.4 Wat is die voordele van die Nasionale Skoolvoedingsprogram? (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 GOPS het sy oorsprong in Suid-Afrika in die (1940's/1950's) gehad.

6.1.2 Die Karks het 'n (polities/maatskaplik) georiënteerde kliniek en openbare gesondheid-uitreikingsprogram gevestig.

6.1.3 Suksesvolle pogings in sosiale geneeskunde en gemeenskapsontwikkeling het in die 1950's (toegeneem/afgeneem) as gevolg van die opkoms van die apartheidsregime.

6.1.4 Die Gesondheidsentrumbeweging het in (Pholela/Amerika) begin.

6.1.5 Dr (Kark/Geiger) het hom beywer om menseregte en rassegelykheid in Amerikaanse gesondheidsorg te verbeter.

(5 × 1) (5)

6.2 Gee DRIE verantwoordelikhede wat gemeenskapsgesondheidswerkers in die 1940's tydens tuisbesoeke in Pholela moes nakom. (3)

6.3 Verduidelik waarom die lewering van doeltreffende treindienste belangrik in Suid-Afrika is. (5 × 2) (10)

6.4 Identifiseer maniere waarop toereikende gratis Wi-Fi (gratis internettoegang) tot voordeel van die gesondheid en welstand van gemeenskappe kan wees wat andersins nie in staat sal wees om dit te bekostig nie. (6 × 2) (12)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou